STABILIS S

Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary

JAARGANG / VOLUME 45 · NO 1

**April 2011**



**Wye verskeidenheid van toernooie lewer groot bydrae in ontwikkeling van spelers vir die toekoms.**

Foto: Riaan Carr

Die eerste waterpolospan word gereken as een van die beste spanne wat nog opgelewer is!

Hulle neem aan vele toernooie deur die seisoen deel, soos die Grey Itec Waterpolo-toernooi, Pretoria Boys High-toernooi en die King Edwards-toernooi. Tydens die Grey Itec-toernooi het die span algeheel 13de geëindig. Hulle het ook goed gevaar tydens die King Edwards-toernooi. "Waterpolo is baie lekker om te speel en ons het 'n baie goeie span hierdie jaar. Die gees onder die spelers is goed en ons verbeter elke keer," sê Michal Schmidt, lid van die eerstespan. Hy sê ook dat die ondersteuning fantasties is en hulle was veral bly toe die hele skool hulle kom aanmoedig het by die Grey Itec-toernooi.

Die span word hard gedruk by fiksheid-en-gym-sessies onder leiding van hul afrigters Jacque Richter (ook bekend as Spyker) en meneer Flos Pretorius.

Dit is 'n ervare span met baie matrieks, maar daar is tog 'n paar jong spelers wat deurkom. Hulle doelwitte vir die seisoen was om goed te doen en dit net te geniet. 'n Groot teleurstelling vir die span was toe Daniël de Jager, die kaptein, 'n besering opgedoen het net voor die King Edwards-toernooi en nie kon speel nie.

Tot dusver was dit 'n uitstekende seisoen vir die waterpolo.

**- Julius Zerwick**

News p 2



Three head boys entertain learners during Valentines Assembly

News p 3



Japan earthquake rocks a nation to utter devastation and a standstill

Diepte bl 7



Groot beer geeste loop diep spore deur verskeie sportsoorte

Sport p 12



No shortage when it comes to delivering world class swimmers




Mr Price Sport is a proud supporter of Grey Rugby

## BLITSNUUS

### Hawaii vestig hom in die Eeufeessaal

Aloha! 2011 se balkalender is met swier afgeskop op die aand van Vrydag, 11 Maart 2011. Dié Hawaii-tema gebeurtenis is gehou in die Eufeessaal en is alom bestempel as 'n reuse sukses.

Die gaste is tipies Hawaiiaans begroet tussen palmtakke, branderplanke en veelkleurige blomme. Lei's (die Hawaaiiaanse woord vir 'n tipe blommekrans wat om die nek gehang word) is om almal gedrapeer om die gaste by die kleurvolle atmosfeer te laat inpas.

Die eregaste vir die aand was menere Holiday en Els. Alles in alles was die bal 'n baie lekker okkasie en 'n groot sukses.

## BELANGRIKE DATUMS

**16 & 17 April**
Gholf: Ladybrand
Oos-Vrystaat Kampioenskappe

**22-25 April**
Indomitus & Ensemble:
Lady Grey Passiespele

**7 Mei**
Wiskunde: Nautilis Olimpiade
Interskool: Selborne College

**11-25 Mei**
Vrystaatse Kunswedstryd

**13 Mei**
Interskool: Affies

**20 Mei**
Interskool: Paarl Boys High

**26-29 Mei**
Tennis: Kearsney Fees

**27 Mei**
Debat: ATKV Semi-Finaal

# Gesin beleef erge tragedie

## Ondersteuning vir die Van Rooyens kom van oral



Die Van Rooyen-kinders (v.l.n.r.) Albert (1991/01/29 - 2010/12/10), Jacobus, Johann en Mariette by (voor) pa Bouwer en ma Marilise. **Foto: Verskaf**

Op 10 Desember 2010 was mevrou Marilise van Rooyen se seun, Albert (19), dogter, mev. Mariette Viljoen (27) en haar man, Dawie Viljoen (29) ('n oud-Grey), in 'n noodlottige motorongeluk tussen Venterstad en Steynsburg. Albert op die toneel oorlede en na ongeveer ses ure se gesukkel deur reddingswerkers is Mariette en Dawie - uit die wrak bevry.

Die Viljoen-egpaar is beide baie ernstig beseer. Mariette is 'n kwadrupleeg en Dawie het ernstige breuke en frakture opgedoen.

Mariette benodig egter 'n baie duur rolstoel en daarom het Grey en Oranje besluit om 'n "civvie"-dag te hou as 'n fondsinsamelings-projek vir die rolstoel.

Mariette vorder goed en word die einde van Maart uit Muelmed se spinale eenheid ontslaan. Dawie is op 2 Maart ontslaan en moet nog 3 maande met behulp van krukke oor die weg kom.

Die damespersoneel van Grey en verskeie ander skole het ook besluit om'n damestee te hou om fondse in te samel. Volgens mevrou Louise Pretorius was daar personeel en ouers wat ook 'n bydrae wou lewer. Die tee is op Saterdag, 26 Februarie gehou en byna 400 dames het dit bygewoon. Verskeie musici het die dames tydens die tee vergas. Toe daar vir mevrou Pretorius gevra is watter dames die meeste gedoen het, het sy geantwoord: "Sommige van ons was die hoofmeisies en die ander was die prefekte."

Al die ondersteuning en hulp is 'n duidelike bewys dat die Grey-familie baie heg is. Mevrou van Rooyen se moed en posiwiteit in hierdie moeilike tyd, en dié van haar familie, is 'n inspirasie vir al die seuns en mense wat hulle ken.

**- Luan Reynders**

## Plaaslike Universiteit se vernuwing speel 'n sleutelrol

Verandering het reeds ingetree kort nadat professor Jonathan Jansen as Rektor van die Universiteit van die Vrystaat aangestel is. Die verandering in die wapen is definitief die een wat die meeste ongelukkigheid onder die publiek veroorsaak het.

Een van die veranderinge wat baie kontroversie veroorsaak het, is die slagspreuk wat nou bekend staan; *IN DEO VERITATE SAPIENTIAE LUX*. Dit beteken: In die waarheid is die lig van wysheid. Dit stem ooreen met dié van Grey; *NIHIL STABILE QUOD INFIDUM*. Niks is standvastig wat nie die waarheid is nie. Die aspek waaroor waaroor baie ongelukkig is van die nuwe slagspreuk, is die feit dat die woord *God* daaruit gehaal is. Die ou slagspreuk se betekenis was: Die lig van wysheid in God. Die rede vir die uitlaat van God in die slagspreuk, is volgens professor Jansen dat dit nie respekvol teenoor mense van ander gelowe is nie.

Nog 'n verandering t.o.v. die infrastruktuur van die UV is die bou van 'n nuwe Ekonomiese en Bestuurswetenskappe-gebou van R48-miljoen kos. Volgens meneer Machts is die motivering vir hierdie veranderinge, "dat hulle kompeterend wil wees met ander top tersiêre inrigtings in Suid-Afrika en oor die wêreld."

Daar sal altyd 'n noue verbintenis tussen Grey en die UV wees, omdat die UV uit Grey ontwikkel het. Die kwelling is net: Gaan dié veranderinge help om beter meer opgevoede en wyser studente die lewe in te stuur?

**- Nico Kempf**

Supporter of Grey College
FNB
First National Bank
Proudly South African

Coca-Cola Fortune (Pty) Ltd
Supports Grey College Sport
Coca-Cola Fortune




# Grey Valentine's never seizes to amaze

You never silently stop loving someone you once loved out loud! This day is a perfect day for some to silently love their "skelmpies," sending them a charming rose, and only leaving a hopeless, yet intriguing "Your Secret Admirer" at the bottom of a love letter.

The Grey boys celebrated their Valentine's Day this year in a special and unique manner. They invited the head girls from several Bloemfontein schools to join them at an out-of-the-ordinary assembly.

The decorated Reunie hall with multitude of red and pink balloons added to the ambience.

The Grey boys reckoned as boys of various talents, proved this to be true when they sang three love-songs to the girls. The first two songs were performed by the more musically talented boys.

Lourenco Gouveia performed "I'm Yours" by the composer, Bruno Mars. Next in line was Anrich van Nieuwenhuizen and Wimpie Greyvenstein with the hit song, "Love me tender" by the ever-popular Elvis Presley.

The final song was sung by their three school captains. They sang "Hero", by Enrique Iglesias.

Lou-Henri Anderson, a Grade 12 pupil of Grey has the following to say about them, "Wow!! I'm shocked that our head boys are so talented! This is great, the school was really united through love when they sang the song, because we gave our everything to support our leaders!"

The prefects were invited to attend Oranje's Valentine's Day ceremony. Magdel Mans, a Grade 12 pupil of Oranje said the following: "On Valentine's Day we want to feel special, and therefore we are grateful that the Grey boys accomplished this seemingly difficult task. We feel special when we receive a rose from a 'secret admirer' "




The Valentine's Cards that had the girls ecstatic. **Graphic: Supplied**

Valentine's Day at Grey College was a romantic success, again. Some of the boys experienced a romantic day, which they obviously enjoyed.

The other less popular among the girls also enjoyed the day very much due to the fact that there was no school, and because of the ecstatic assembly!!!!

**- Quintin Beukes**

LATE NEWS

## Debating teams stand their ground

The first English league debates were held during February. Grey entered five teams, and three of the five teams won their debates. Debaters that need to be mentioned are: Khotso Molebeli, Melo Ntombeni and Billy Grünow.

Debating can play a very important role if you plan a future in politics or any legal careers. It gives you a wide platform to be able to be a competent speaker and sharp-minded.

The following debaters took part in the Free State Provincial Tournament that was held from 26 to 28 March in Welkom.

Six of our debaters were chosen for the Free State Debating team, namely David Thomas (captain and Best Senior Debater in the tournament), Nkaiseng Raleting (Best Junior Debater in the tournament), André Langford, Fundile Fkhoza, Kgotso Molebeleli and Kgotso Khoko.

Two old Grey's are actively involved in the Free State Debating team. Matthew Moles is the team manager and Sean Diakos is the junior team's coach.

One of the upcoming tournaments for the Free State Debating team is the National Teams Debating Tournament from 2-6 October in Bloemfontein.

# Colossal earthquake leaves a trail of destruction and sorrow in Japan

## Damage to buildings and roads limited by ingenious infrastructures

11 March 2011. A colossal earthquake unleashed all of its fury upon Japan causing great destruction and devastation.

The earthquake- which measured 8.9 on the Richter scale- originated just off the coast of Sendai, Japan and triggered a tsunami to wreck havoc along the country's shoreline. Islands as far as Hawaii were kept on standby.



Stranded Japanese boys, trying to find stucture amidst carnage. No real time frame can be set to unravel the devastation of this quake. **Photo: Supplied**

Due to the ingenuity advances of the infrastructure in Japan, buildings in Tokyo were left swaying without any damage caused. However, along the islands' shoreline, destruction took its' toll as cities were wiped out by this massive power and citizens had no other option than to wait for the rescue officials. Tens-of-thousands of citizens are still missing. Researchers say this has been the highest recorded earthquake for the past 140 years of the disaster-prone country.

To add an increase to Japan's woes- an explosion occurred in a nuclear power-plant factory due to the quake. This now raises the question of a radiation outbreak. Prime Minister, Nato Kan is optimistic that Japan can make a effective recovery from this disaster as he reported, "This is a great test for the people of Japan. We have no reason to be discouraged." It's time for our support and thoughts. Pray for Japan.

**- Claudio Archandina**

# Another remarkable speaker - Miss Deaf SA's perseveres to overcome

Grey College is renowned for their remarkable assemblies; and when Vicki Fourie was invited to say a few words, it was no exception.

Miss Deaf South Africa 2009/2010 shared her experiences with the boys. "My sister was invited to a function where Vicki spoke, and later on told me how inspirational she is. I asked Mister Volsteedt and when he gladly agreed, I invited her," explains Misses Grobbelaar, who arranged the assembly.

The motivational speaker, published freelance writer and part-time model- just to name a few- described the challenges of growing up after becoming deaf at the age of 2."Her self-confidence and openness to talk to people despite her disability is admirable," states Misses Grobbelaar. Her story ranged from being insulted, and spending her break-times in the toilet stands to becoming 2nd Princess at the Miss Deaf International 2010.

"Despite her unfortunate start in life, the way she persevered to overcome her incapabilities and make the best of what she had, stood out most for me," explains Kamogelo Leeuw a grade 12 learner. "She is truly a great person. I would be on cloud nine if I had the chance to go to the Grey ball with her," stated head boy Dries Swanepoel.

**- Claudio Achadinha**

# Een van Suid-Afrika se onderhandelaars lewer besoek

"Die Goeie Boer." Dit is hoe Professor Leon Wessels, voormalige Adjunkminister van Buitelandse Sake, ere-professor aan die Noordwes Universiteit en 'n voormalige kommissaris van die Suid-Afrikaanse Mense Regte Kommissie, op die Nelson Mandela stigting se webtuiste beskryf word.



Prof Leon Wessels **Foto: Verskaf**

Professor Wessels het tydens 'n besoek aan Bloemfontein op 15 Maart, 'n toespraak by Grey Kollege gelewer. Hy het ook die Nederduits Gereformeerde Kerk: Berg-en-Dal asook lede van die Teologiese fakulteit by die Universiteit van die Vrystaat toegespreek.

"Ons lewens bestaan uit verhoudings" het hy gesê in 'n kort toespraak, waarin hy die noodsaak vir 'n goeie gesindheid met benadering tot voortdurende verandering uitgedruk het.

"Alles in die lewe handel om onderhandelings". Tydens sy toespraak het hy studente aangemoedig om altyd die tyd te neem om hulself in die skoene van die opponerende party in te dink en besondere klem gelê op kultuur-, geloof- en omstandigheidsverskille.

Verder het hy ook genoem hoe goeie onderhandelingsmetodes, na sy mening, maklike oplossings tot kritiese probleme kan bied.

Hy het ook verduidelik hoe tendense, wat deurlopend verander, denke bepaal. " 40 jaar gelede is die term 'menseregte' gesien as 'n vorm van selfverheerliking van die mens." Die siening het dus verander tot die kernrol wat dit vandag in politiek speel.

Oor sukses sê hy die volgende: "Sukses het baie vaders; mislukking is 'n weeskind." Die enigste manier om sukses te behaal bly dus deur harde werk en volharding.

Professor Wessels het 'n groot rol in die Codesa-Kemptonpark onderhandelinge gespeel.

Hy het die amp van adjunkvoorsitter in die Konstitutionele Wetgewende Vergadering beklee tot die Grondwet hersien is, waarna hy uit die Parlement en politiek getree het.

Sedertdien het hy verskeie boeke geskryf onder meer sy autobiografie getitel: "Vereniging, Die Onvoltooide Vrede", wat op 11 Maart bekend gestel is.

Sy toespraak is afgesluit deur op 'n motiverende wyse oogkontak met studente te maak. "Dit is julle wat binnekort leiding in die land moet neem."

**- Reinhard Arndt**

HOBBIT

BOUTIQUE HOTEL

ESTABLISHED 1993

★ ★ ★ ★

SPESIALE NAWEEKAANBOD

R500 per kamer per nag. Ontbyt ingesluit.

Vanaf 1 Maart 2011.



# Madiba's health causes concern

## Well renowned world Stateman overcomes another difficult challenge



Mister Nelson Mandela with a typical smile on his face. **Photo: Supplied**

Nelson Mandela was born in Umtata in Transkei. He was South Africa's first democratically elected president.

Nelson Mandela was admitted to Milpark hospital in Johannesburg on Wednesday 26 January 2011 for what was reported to the "general medical checkups". However, South Africa's fears were confirmed when later that week, news was released that Madiba was recovering from a collapsed lung and was due to be discharged on Friday 28 January 2011. As news spread, condolences came from all corners of the globe, and also from the White House in Washington.

Stabilis interviewed Mister Volsteedt and asked him what positive effect he thought Nelson Mandela's visit to Grey in 1992 had on the boys and staff. He responded as follows, "President Mandela's visit in 1992 contributed to a better understanding of all South Africans."

In further interviews with students and teachers we asked the question, 'If you had to choose one word from Grey's code of honor, to describe Mandela, what would it be?' The top 2 words chosen were 'Loyalty' and 'Integrity'.

Nelson Mandela showed the world what it means to be in unity and that everyone is equal. He will always be a part of South Africa… and of Grey College!

**- Jarryd Scholtz**

## KORTNUUS

### Rodney Seale roer leerders tydens die Brak-en-Duck kamp




Wat 'n inspirerende naweek was die Brak-en-Duck kamp naweek nie? Van die 400 leerders wat die kamp bygewoon het, was 150 Grey Boys.

Die spreker by die kamp was die bekende Rodney Seal. Hy is al vir een-en-dertig jaar in die bediening het treë by telkemale by skoolkampe op as 'n spreker.

Hy het aan die einde van die kamp aan elke leerder 'n houtkruisie gegee as aandenking van die spesiale naweek.

Die kringleiers van Grey Kollege het hulself ook goed van hul taak gekwyt en meeste van die aktiweite self gereël. Een van die lofprysings liedere, Jesus, You are my Superhero, was die kamp se temalied.

# Magdom van fasiliteite verg toegewyding van flukse terreinspan

In vergelyking met ander hoërskole in Suid-Afrika, is dit duidelik dat Grey se geriewe en fasiliteite van die beste is.

Die Grey-Itec Gimnasium word deur baie gereken as die beste skoolgimnasium in Suid-Afrika. Dié gimnasium bied die dienste van 'n fisioterapeut, mediese dokter en verskeie sportwetenskaplikes wat die seuns met dieet- en oefenprogramme help.

Die sport- en oefenvelde van Grey is van hoogstaande gehalte en spanne soos die Springbokke, Britse en Ierse Leeus en Bloemfontein Celtic het al by geleentheid op die velde kom oefen.

Bekende sporttoernooie word gereeld aangebied en nasionale wedstryde het al hier plaasgevind. Die sportfasiliteite is tot voordeel van die seuns wat daarop oefen en wedstryde speel.

Met 'n standhoudende boorgat en die toewyding van die terreinpersoneel word die speelvelde met sorg in stand gehou.

Die Rekenaarsentrums by is ook uiters modern en gee die toon op tegnologiese gebied aan.

Rekenaars word elke vierde jaar met van die beste rekenaars op die mark vervang. "Ek sal nie sê ons is die beste in Suid-Afrika, maar verseker die beste in Bloemfontein" volgens meneer Paul Potgieter. Seuns het ook die internet beskikbaar vir take en geriewe soos facebook en ander sosiale webtuistes.

Nie net die sportgeriewe is van 'n puik standaard nie; Modern toegeruste klaskamers en professionele personeel sorg vir uitsonderlike akademiese sukses.

**- Simon Sonnekus**



Die puik geriewe van die Grey-Itec Gimnasium wat beskikbaar is vir die leerders. **Foto: Verskaf**




# Veteran groundskeeper moves to newer ground

Veteran groundskeeper of twenty-four years at Grey, Ters Snyman, retired this February. He was responsible for the maintenance of the grounds, dozens of sport's facilities and field, buildings of the school and the staff working on Grey's property.

The conditions of the grounds whilst under his care-according to Mister Johan Volsteedt, principal of Grey were, "the best one can find at any institution and contributed greatly to our successes at sports." He added, "The grounds and buildings were upgraded on an ongoing basis and he leaves behind an impressive legacy of excellent facilities." Calyb Soekoe, a grade 12 learner remarked, "He was dedicated to his work and this was shown by the superb conditions of the grounds all year round." Grade 11 learner Tshepo Phalatsi also said, "There was always progress all around the school." Mister Snyman was not only a great groundskeeper but also person, Mister Volsteedt remarked, "Mister Snyman was a Grey gentleman who served the school's best interests loyalty and great pride.We will certainly miss him here at Grey"



Ters Snyman **Foto: Riaan Carr**

And as for the future, Mister Snyman is hoping for a peaceful retirement on his farm.

**-Billy Grunow**

PROFIEL

# Oud-Grey vat 'n musikale hap uit die uitdagende Groot Appel

## Willem Oosthuysen loop 'n pad na roem deur "Broadway"

Ken jy vir Willem Oosthuysen? Hy het in 2003 aan Grey Kollege gematrikuleer en in New York besig met sy MFA-graad, oftewel "Masters in Fine Arts", algemeen bekend as die "Graduate Musical Theatre Writing Program".

Hy studeer musiekblyspele - hoe om dit te skryf en hoe om 'n musiekblyspel aan mekaar te sit.

Willem ontvang sy graad in Mei vanjaar en wil baie graag in New York aanbly.

Tot dusver het Willem al baie bereik: In 2010 voer hy 'n musiekblyspel van 20 minute op waar hy met akteurs en musici van Broadway kon werk. Hy het ook 'n paar Broadway-sangers begelei by die "Artists for Elephants Benefit Concert". Hierdie konsert is aangebied by Joe's Pub by die "Public Theatre", wat 'n bekende nagklub is en waar gereeld kleiner teaterproduksies opgevoer word. Een van sy lirieke is ook gekies om deel te wees van 'n kabaret wat opgevoer is by die "Barrington Theatre Company" in Pittsfield. Van sy verwerkings/lirieke is ook uitgevoer by die "New York Theatre Barn", 'n kabaret by "Le Poisson Rouge" (die Rooi Vis) in New York.

Willem het groot aandeel om musiek en liriek voor te berei vir 'n Broadway musiekblyspel "Woulda, Coulda, Shoulda". Hy speel ook daar saam met ander musici in sy kerk se orkes.

Hy is tans besig om aan sy verhandeling te werk. Een van die vereistes is 'n vollengte 90-minuut musiekblyspel wat hyself moet komponeer. Hier gaan hy ook die geleentheid kry om saam met bekende regisseurs en akteurs te werk.

Willem sê die lekkerste van New York is beslis Starbucks, die beste en bekendste koffiekroeg in die wêreld. Hy hou ook van die sneeu en natuurlik al die Broadway-vertonings wat elke aand te sien is.


Willem Oosthuysen maak naam in die 'Big Apple'. Foto: Verskaf

Is daar iets minder lekker in New York? Volgens Willem voel 'n mens gou ingeperk tussen die miljoene mense. "Ek mis die oop Vrystaatse vlaktes," sug Willem. "En ek mis vriendelike gesigte. Die mense hier is baie keer ongeskik en ongeduldig." Hy sê die somersdae is ook soms onuithoudbaar warm.

Toe vir Willem gevra is wat hy van Suid-Afrika mis, het hy onomwonde geantwoord: "Braaivleis, die vriendelike mense van Bloemfontein en Indomitus".

Die belangrikste doelwit van enige persoon in die kunsbedryf, is om naam te maak. Willem sê dat Grey baie gehelp het om te kom tot waar hy vandag is. "In my veld is dit belangrik om hard te kan werk en om respek te hê vir jou kollegas - definitief waardes wat Grey jou leer."

Hy het ook al heelwat interessante ondervindings in New York gehad soos onder andere het hy die komponis van "Lord of the Rings", Howard Shore ontmoet en Marc Shaiman, komponis van die treffermusiekblyspel, Hairspray. Shaiman het op 'n dag 'n klas van hulle bygewoon en 'n lied van sy nuwe musiekblyspel, "Catch me if you can", gesing. Dit was volgens Willem, die hoogtepunte van sy jaar.

Willem se toekoms, as musikant, word met opgewondenheid dopgehou.

**- Wijbren Nell**

## STACCATO

### Let's talk Broadway




Manhattan, the jewel of New York, with Broadway at its center. In the 1920's Broadway blossomed and began showing the true colors of what it would come to be in the the later half of the 20th century.

Broadway was the hangout for most of the famous people in the 1920s-the gangsters, like Owney Madden, rubbed shoulders with celebrities like Charlie Chaplin. High stakes poker games ran for days in the back of speakeasies, with Babe Ruth, Al Jolson, and Arnold "The Brain" Rothstein all sitting at the table. The history of Broadway New York was chronicled and embellished by the beat writer, Runyon.

Runyon created Broadway, along with Flo Ziegfeld, Arnold Rothstein, and Babe Ruth. If the 1920's are known for being modern society's answer to the prudery and uptight nature of the Victorian age, Broadway is the antithesis of polite society. Yet people fell in love with the beautiful girls and shows.

Getting dressed for a Broadway Show meant a great looking dress for the woman, and a well fitted men's suit. As anyone who has ever gone to a Broadway show knows, the real history of Broadway New York lies in the characters who graced the streets as well as the stage.

# Kaleidoskoop van top-aktiwiteite is 'n vooruitsig

Die jaar het afgeskop op 'n hoë noot. Drie hoofseuns wat saamsing op die verhoog! Dit was definitief 'n eerste vir Grey Kollege.

Hierdie jaar beplan die Musiekdepartement sowaar weer groot dinge.

Die Indomitus en Ensemble is genooi om saam met die span van die "Lady Grey Arts Academy" deel te neem aan hul jaarlikse passiespel. Die Lady Grey Passiespel vind plaas vanaf 22 April tot 24 April. Dit is 'n móét-sien vir almal.

Daarna op die jaar kalender is die Vrystaatse Kunswedstryd waaraan al die verskillende musiekgroepe asook individuele musiekleerders gaan deelneem.

Hierna op die kalender is die Grey-Affies-Interkultuuraand. Dit is hier waar die Departement hul vlerke vir die eerste keer gaan sprei en wys hoe hul kan sweef.

In Mei-maand is dit weer tyd vir die jaarlikse ATKV-Applous Kompetisie. Die koor is reeds besig om te oefen, want hierdie jaar neem hulle deel in die kategorie vir meer-ervare kore afdeling. Dit is 'n groot uitdaging, maar die Grey-brakke was nog nooit bang om uitdagings aan te pak nie.

Die Musiekfees in Augustus is altyd 'n hoogtepunt. Vanjaar se tema is *Classic College*, maar wees gewaarsku: 'n ekstra hartklop




is die perfekte beskrywing daarvoor. Een van die gaskunstenaars Charl du Plessis was die stigter van die Indomitus en was ook die amptelike begeleier vir die kunstenaar, Nataniël. As pianis het hy vanjaar 'n erebenoeming gekry vanaf die internationaal bekende Steinway & Sons.

Die enigste vroulike gaskunstenaar, Jeniffer Jones is al benoem vir 'n Grammy-toekenning en tree gereeld op by die Huisgenoot Skouspel wat jaarliks plaasvind.

Oud-Grey, Steve Hofmeyr en trots Suid-Afrikaanse kunstenaar (deesdae ook 'n TV-persoonlikheid), is nie 'n nuweling op die Musiekfees se verhoog nie. Daar word nou nog gepraat oor die 2005 Musiekfees.

Al hierdie kunstenaars onder een dak beloof om 'n opwindende produksie te wees.

Die gedagte agter vanjaar se tema is die betrokkenheid van die oud-Grey's en om die egtheid van die skoolgeboue as gedenkwaardighede te beklemtoon.

Grey-Musiekdepartement sluit weer met soos vorige jare, die werksaamhede af met "Grey Carols" in November.

Grey se kultuuraktiwiteite gaan vanjaar 'n ware kaleidoskoop wees! Elke leerder gaan vir seker *Grey in Union* in murg en been ervaar.

**- Tian Nienhaber**

COPY
SCAN
PRINT
FAX
ONE MACHINE
FOUR FUNCTIONS
Tel: 051 446 2440
KONICA MINOLTA
ITEC
e-mail: chris@itec-bloem.co.za
e-mail: andrev@itec-bloem.co.za




# Spanwerk vorm 'n spogjaar

Die jaar 2011 is uit die aard van die saak is meer betekenisvol vir die matrikulante as vir die res van die skool. Dis ons laaste jaar - óns jaar. En natuurlik droom ons dat dié jaar 'n buitengewone een sal wees, maar die Graad 12's is net 'n vyfde van die skoliere. Ons kan nie alléén 'n verskil maak nie. Eenheid en spanwerk is van kardinale belang.

Die jaar het op 'n hoë noot begin: vurige gees en 'n aura van ongelooflike samesyn en eenheid. Klagtes van arrogansie, spesifiek onder die matrieks, het egter later begin kop uitsteek. Party onderwysers het gekla dat die klas van 2011 "grootkop" kry. Daar was ook klagtes dat Grey se Interhoër gala-optog te lank was - 'n vlek op ons reputasie. Kennelik het ons die toegelate tyd oorskry, maar party matrieks voel dat die werklike omvang van ons oorskryding oordryf is. Maar die feit bly staan, dit was langer as toegelaat en daarvoor is daar geen verskoning nie.

Van die vele sportprestasies – swem, waterpolo, krieket, atletiek - kan daar in die res van die Stabilis gelees word. Solank ons die prestasies (sport of ander) in 'n goeie gees en bowenal met respek en vriendelikheid kan aanvul, sál 2011 'n geskiedkundige jaar wees - 'n spogjaar vir toekomstige generasies. En daaraan het ons almal deel, nie net die Graad 12's nie.

'n Nuwe verwikkeling in 2011 is die weeklikse toetse wat op Dinsdae, Woensdae en Donderdae geskryf word. Daar word gehoop dat dit die akademiese proses sal verbeter. 'n Gevolg daarvan is egter dat dit, volgens die mening van baie leerlinge, ons oorlaai met werk. Tussen proewe, byeenkomste, oefeninge, studeer en ook die nodige sosiale interaksie, is daar deesdae dikwels eenvoudig nie meer tyd vir huiswerk nie – vir baie onderwysers 'n doring in die vlees.

So, waar die gereelder toetse kan bydra tot beter voorbereidheid vir die groot eksamens, kan dit ook op 'n manier die akademiese proses belemmer deur ooreising.

As ons regtig *memorable* wil wees, kan ons gerus daardie mees bewonderenswaardige menslike kenmerk bly beoefen: vriendelikheid.




BRIEWE/MAIL



## Oud-Grey is nostalgies oor skoolloopbaan

Soos ek die skoolhekke binnery klop my hart in my keel. Die seuns staan op en groet my. Waar sien 'n mens nog sulke goeie maniere vandag? Die lojaliteit wat seuns uitstraal soos hulle die Grey baadjie met trots dra. Onmiddelik verlang ek terug. Sodra ek by my voertuig uitklim, is daar 'n swerm seuns wat my hulp aanbied met my hokkie toerusting en met 'n dankie en dis 'n plesier oom, is hulle daar weg. My oog vang die ou klok soos ek die skool binnestap, ek onthou my laaste matriekdag. Ek hoor 'n gedruis in die Reüniesaal, dis die seuns wat hardop saamsing. Mnr Volsteedt lees 'n string van uitslae en die skoollied word gesing. Met 'n traan in my oog verlaat ek die skoolterrein terwyl die woorde van die skoollied nogsteeds deur my kop maal, *Ons wagwoord immers, Stabilis!* Viva la Grey!

***Groete***
***Anoniem***

## Redaksielys 2011

**KERNREDAKSIE**
**Hoofredakteur** Christoff Odendaal
**Subredakteur: Nuus**
Melo Mtombeni
**Subredakteur: Sport**
Hendrik Wilken
**Subredakteur: Diepte**
Wimpie Greyvenstein
**Subredakteur: Joernaal**
Henri Brummer
**Subredakteur: Kultuur**
Wijbren Nell

**NUUSREDAKSIE**
Billy Grünow
Simon Sonnekus
Claudio Achadinha
Quintin Beukes
Luan Reynders
Reinhard Arndt
Jarryd Scholtz
Vince de Beer

**SPORTREDAKSIE**
Peter van Biljon
Helgard Claassen
Phil Boshoff
Jan-Willem Ras
Jason Long
Pieterjan Eloff
Armand Pretorius
Julius Zerwick

**DIEPTEREDAKSIE**
Björn Anderson
Graham McFarlane
Dianno Baatjies
Faiq Fredericks
Malan Bosman
Daniël Steenkamp

**KULTUURREDAKSIE**
Kevin Kok
Tian Nienaber

**JOERNAALREDAKSIE**
James Rothmann
Willie Louw

**KUNSTENAARS**
Thomas von Delft
Casper Schutte

**FOTOGRAWE**
George Briedenhann
Riaan Carr
Le Riche Coetzer
Hanno du Preez
Henry Galloway

# Amazing athlete strives for gold

## Wayde van Niekerk excels due to positive attitude and perseverance




Christoff Odendaal enjoys Six Cokes with Wayde van Niekerk. **Photo: Le Riche Coetzer**

1) *When did you start running and why?*
I've been running all my life. I grew up in a family that loves sports, so as a little kid it was just normal for me to take part in athletics – and any other sports, actually.

2) *Who's your inspiration?*
I do not have a specific person who inspires me, but there are many people in my life that I look up to, like my friends and family. I always take time to listen to any advice from any person.

3) *You went overseas to Canada for the World Junior Athletics Championships. What was the most memorable part of your trip?*
Wow! There were many highlights. I loved every moment of it. It was a huge experience boost in my athletics career. Everything felt so unreal – it was an experience I'll never forget.

4) *How does it feel to be able to look at just about anybody and think: "I could easily outrun you"?*
(Laughing) No, I never look at my opponents in that way. I respect each and every one of them. I see everyone as a threat.

5) *Is there anything specific you do to psych yourself up before a race?*
I can't tell you that, it's my "thing".

6) *Do you see a future for yourself in South African athletics?*
Yes, my dream is to run for South Africa at the Olympics and my goal is to be the best South Africa has ever seen.

7) *What are you planning on doing after school?*
I would love to continue my athletics career and make a name for myself in my sports.

## GESKIEDENIS

### Grey Kollege 50 jaar gelede

In sy bestaan van 108 jaar het Grey Kollege nooit 'n skoollied gehad nie. Hierdie leemste is deur Meneer A.K. Volsteedt in 'n ernstige lig beskou.

Die woorde van die skoollied het hul oorsprong gehad uit die pen van P.H. Langenhoven. Die naam van die lied was, *Stabilis*. Volgende



Mnr Jurie Fourie

was om 'n geskikte wysie by die woorde te voeg. Die komposises was bestudeer deur Dirkie de Villiers, L.J. Shepstone, Mary Rousseau. Drie komposisies was gekies. Die koor het al drie komposisies gesing waarna die personeel en seuns die finale keuse gemaak het. Jurie Fourie se komposisie was gekies, destydse sang onderwyser van Grey.

Die skoollied word in Afrikaans gesing en die Oorlogskreet in Engels.

# Moeiliker vakke lewer jaarliks die beste resultate in die eindeksamen

## Vol buitemuurse program benadeel nie noodwendig resultate nie

Alhoewel daar op skolevlak baie klem op sport gelê word, is dit 'n skool se akademiese sukses wat die laaste sê het.

Ten spyte van vele Vrydae wat by Grey in die slag bly a.g.v. toere en musiekfeesrepetisies, behaal Grey steeds uiters mededingende resultate; al word daar spottenderwys in sportliedjies verwys na die tyd wanneer daar "mos akadamies verkeer" word.

Persepsies in dié verband het egter verander toe daar in vakke soos Fisiese Wetenskappe en Rekeningkunde meer vakonderskeidings as in Bedryfsstudies en Aardrykskunde was, wat tradisioneel as die "makliker" vakke gesien is. Meneer Juan van den Berg het aan Stabilis gesê dat Aardrykskunde as 'n reël wisselvallige resultate oplewer en alhoewel daar nie in 2010 onderskeidings was nie, was die 2010-matriekgroep nie as sodanig swakker as vorige jare nie.

'n Vreemde tendens het getoon dat leerders in sommige vakke swakker gevaar het as gedurende die jaar. Daar was slegs een onderskeiding in Engels (Eerste taal). Mevrou Hester Roos, wat die vak vir die afgelope 27 jaar onderrig het haar ontevredenheid gedeel. Sy het die puntevers preiding vreemd gevind, aangesien




toppresteerders en onderpresteerders feitlik dieselfde punte gedurende die eksamen behaal het. "Ek is daarvan oortuig dat nie almal wat nagesien het, wel Engels as eerste taal onderrig nie." Oor Afrikaans (Eerste Taal) was daar egter nie enige ontevredenheid nie. "Die vraestelle was van 'n goeie standaard," het Mevrou Lettie van Wyk gesê.

Die Bedryfsstudies-uitslae van 2010 het ook baie reaksie ontlok omdat daar vroeër vele onderskeidings was. Volgens meneer Stefan Pretorius was leerlinge se gemiddelde tien persent laer in die eindeksamen as wat dit gedurende die jaar was.

Aangewys as die beste skool in die Vrystaat vir Wiskunde en Fisiese Wetenskappe in 2008 en 2009, was die teleurstelling groot toe Grey nie vir die derde opeenvolgende jaar die gesogde titel kon inpalm nie. 'n Tekort aan akademiese tyd is as die probleem uitgewys, aangesien dieselfde hoeveelheid tyd in 2008 en 2009 wel voldoende was.

Deur akademiese dissipline word daar tans gepoog om resultate vanjaar te verbeter. Net die tyd sal leer of daar in hierdie doelstelling geslaag gaan word.

**- Wimpie Greyvenstein**

## Legendariese beer-harte klop warm in verskeie sporte

Wat is Grey se uitgebreide berefamilie se bydrae tot die Greygees? Oop gesprekvoering asook die invul van vraelyste het die volgende interessante feite aan die lig gebring.

Gwarrie is die afgelope paar jaar Koshuis se gelukbringer,en vanjaar het ene Gunner aangesluit as Stad se gelukbringer. Dié nuweling het uiteenlopende reaksies ontlok.

Talle koshuis- en stadsleerders voel dat die insluiting van Gunner nie noodwendig nodig was nie. Volgens hulle veroorsaak dit wrywing tussen die twee groepe en dat Stad vir Koshuis na-aap. Ander leerders voel dat Gunner se teenwoordigheid bygedra het tot nog meer gees; selfs beter as vorige jare.

Die koshuisleerders is van mening dat Gwarrie die hartklopbeer van die skool is terwyl stadsleerders weer voel dat Gunner die beer van staal is (nie van wol nie!).

Gwarrie word tans in Leith-Huis bewaar, waar Gunner veilig by 'n stadsleerder sy intrek geneem het. 'n Anoniemekoshuisleerder sê, "Wanneer Gwarrie die omgewing betreë,besef almal dat hy baie spesiaal is. Volgens "Marchand Lordan, van Stad is: Gunner letterlik en figuurlik 'n Beer!

En van bere gepraat; die oorspronklike Tommix, is sedert 1922 die rugby-gelukbringer en word bewaar by die Grey



Pepler-beer by sy naamgenoot, dr John Pepler. **Foto: Riaan Carr**

Pawiljoen. Dit is slegs die tweede generasie van Tommix wat die kaptein van die eerstespan op die veld neem.

Hansie, die krieket-gelukbringer is in 2007 deur A.J. Shahim geskenk en vernoem na die legendariese Hansie Cronjé. Hokkie se Gushke het vir Eddie opgevolg.

Eddie is in 1962 deur 'n spanmaat "ontvoer" en eers in 2001 weer deur die skuldige aan die skool terugbesorg. Hy is tans woonagtig in die hokkieklubhuis (Casa Parentum) - agter slot en grendel. Lincoln is sedert 1994 Grey-sokker se gelukbringer Essie, die waterpolo-beer en Pepler die swem-beer, is die gelukbringers by die swembad.

Pepler is vernoem na wyle dokter John Pepler en is sedert 2010 deel van die berefamilie. Hy het sy tuiste in die kluis by meneer Volsteedt se kantoor gevind

Grey se gelukbringers speel al vir jare 'n belangrike rol in die skool se gees- en spanbou, maar die Grey-manne is deeglik bewus dat slegs harde werk en toewyding, Grey talle uitdagings die hoof bied.

**- Daniël Steenkamp**

## 'Tiger parenting' wys kloue

'n Onlangse berig in die *TIME MAGAZINE* (31 Januarie 2011) het die tonge behoorlik laat klap. Amy Chua, 'n Sjinese ma wat in die V.S.A. woon, beweer dat sy haar kinders dryf en dwing om te presteer. Dit word 'Tiger Parenting' genoem. Sy is oortuig daarvan dat hedendaagse Westerse kinders nie voorbereid is op die volwasse wêreld nie.

"'Tiger Parenting' het besliste voor- en nadele. Doelwitstelling bring prioritisering mee, m.a.w. aan dit wat vir jou belangrik is, moet jy harder werk en opofferings maak," sê mevrou Esta Hattingh, sielkundige by Grey, rakende die voordele van die ouerskapstyl.

Besliste nadele van 'Tiger Parenting', is dat akademiese opleiding en prestasie bo ander aspekte van ontwikkeling gestel word. Die doelwit is tog om 'n kind in sy totaliteit op te voed, meen mevrou Hattingh.

Navorsing het bewys dat leerders in Asiatiese lande oor heelwat beter wiskunde-en leesvaardighede beskik as leerders in Westerse lande.

Is 'Tiger parenting' dan die oplossing om Grey se akademie te verbeter? Mevrou Susara Fourie, taalonderwyseres by Grey, meen ook dat balans by opvoeding en dissipline belangrik is.

Daar is wel baie opinies aangaande ouerskapfilosofieë, maar een aspek sal altyd baie belangrik wees vir suksesvolle opvoeding: balans.

**-Malan Bosman**

Supporter of Grey College
vodacom

# No rules needed when discipline is at the order of every school day

In its entire existence Grey College has prided itself on being an institution that trains self-disciplined young gentlemen to better the community.

The question must be asked: how can this be, in such a large school that has no rules?

Every Grey boy has heard Mister Volsteedt's famous words, 'Grey boys do not need rules.' Instead, we live by moral code set in place by us, the boys. This trust and freedom given to us has set us apart from the rest of world.

This year the power was handed back to us, the boys, working with us instead of against us. The aim is not to create 1200 robots, but 1200 gentleman. In the eyes of our leaders it is going extremely well.

In the eyes of our leaders it is going extremely well. The positive vastly outweighs the negative. "We just need something to carry us through to the end, and I believe the upcoming inter-school is the answer," says Dries Swanepoel, school captain.

"We need the boys to work with the prefects and teachers to make Grey a better place for everyone," according to Jan Serfontein, deputy head boy.

In the end, Grey's level of discipline is up to us. We must stop trying to point fingers, and stand up and take our punishment where deserved.

We have done well so far and of course, we have made mistakes. But it the way that we picked ourselves up afterwards that will forever define us.

**- Vincent Engelbrecht**

# Common ground is needed

## Different language groups are not a barrier for unity




Language support in the form of dictionaries and magazines. **Photo: Le Riche Coetzer**

It is a known fact that Grey College is a parallel-medium school, intended to provide for learners from both English and Afrikaans backgrounds.

To try to improve on that "title", our school headmaster, Mister Johan Volsteedt, is currently exploring the possibility of introducing, in Grades 8 and 9, a third additional language, namely Sesotho.

Misses Hester Roos, English teacher, commented on this matter as follows, "Initially, a home language as an additional language will assist the junior learners in becoming accustomed to the school system. However I believe that a common ground in terms of language must be found."

We all know that there are many different language groups of learners at Grey College, but the question posed is, do they all feel welcome at the school?

To address this query, Mister Volsteedt is on another mission, "I want to speak to every different language group in the school and hear from them where they believe we should make some changes, so that they will feel part of the school and 'buy in' to what we have here."

He added, "I want every individual to feel welcome and comfortable at this school, not just the majority groups."

Mister Volsteedt concluded by saying the following: "I want to cater for everybody!" And this, we at Stabilis believe, is Mister Volsteedt's ultimate drive for excellence at the school.

**- Dianno Baatjies**

## HISTORY

### Grey College 45 years ago

In April 1967 het Grey Kollege se skoolkoerant, "Stabilis", vir die eerste maal die lig gesien. Die gedagte om 'n skoolkoerant te hê, het sy oorsprong gehad by meneer Kalie Strydom, 'n Oud-Grey en onderwyser in Duits by die skool. Hy en meneer J R Cilliers het die projek aangepak en die eerste uitgawe van "Stabilis" het verskyn.

Die redaksie het uit skoolseuns bestaan en die koerant het van krag tot krag gegaan en gou 'n instelling op Grey geword.

Stabilis het vanaf 1967 tot aan die einde van 1984 presies


Stabilis
NOG 'N MYLPAAL BEREIK
GREY COLLEGE NEWSPAPER APPEARS AGAIN AFTER 90 YEARS

dieselfde mashoof gehad. In 1985 is die mashoof verander en so voortbestaan tot in 1995.

Vanaf 1996 tot huidig is die mashoof egter verskeie kere aangepas om in lyn te kom met moderne uitleg.

Stabilis neem reeds sedert 1978 deel aan Nasionale Koerantkompetisies is is reeds sewe maal aangewys as die beste skoolkoerant in Suid-Afrika.







# Mother nature is a very hard taskmaster



The one half of Australia lies under water, the other half has burnt down. Is Mother Nature trying to send us a message?

Whatever it is, that message is resounding loud and clear all the world over. Christchurch, New Zealand has been hit by two earthquakes within 6 months of each other, each killing hundreds and leaving thousands of people homeless.

In 2011 alone, we have seen: earthquakes in New Zealand, Argentina and southern China. The massive earthquake of 8.9 on the Richter Scale that hit Japan on 11 March, left a trail of distruction in its wake. Due to the fact that Japan experience earthquakes on a daily basis, they were well prepared.

What they were not prepared for, was the massive tsunami that followed the earthquake. The tsunami did not only inpact Japan, but warnings were sent out to 50 other island groups in the Pacific Ring.

Another cause for concern is the landslides in Brazil, flooding in Australia due to hurricanes, and flooding in South Africa due to an unusual amount of rainfall.

And if you thought that the Icelandic volcano erupting was just a once-off incident, think again. Volcanologists have been studying it since its last eruption, and they say that it will erupt again, but this time it will be more vicious.

When thirty-three miners in Chilé were trapped by the earthquake, it was only the help and unity of the people of the world that saved them. During times like these we need to lend a helping hand.

Mother Nature may throw a curve ball or two, but we show character when we help those affected by these tragedies.

We can barricade ourselves on our little "hurricane and tornado-proof houses" in tornado valley, or we can step out of our shells, pick up the pieces of your neighbours broken dreams and slowly piece together what is left of our humanity.

**- Bjorn Anderson**

# Hoë standaarde verg jaarliks harde werk van alle betrokke partye

## Waardesisteem vorm die basis wanneer dit kom by leerders se vrye keuse




Grey Kollege is 'n skool wat gemeet word aan 'n versameling van jare. Die geskiedenis, herrineringe, sport, pyn, gedagtes en die foute, wat jaarliks nagelaat word, bly altyd in die harte van elke seun wat al ooit deur die skoolhekke gestap het. Maar wat maak dit 'n goeie, slegte of briljante jaar?

Matrieks is darem 'n interessante groep mense, veral dié spesie wat op ons skoolgronde rondloop. Dit blyk asof elke jaar se matrieks in kompetisie met vorige jare se matrieks is, maar is dit werklik wat ons probeer doen? Onwaarskynlik. Veral nie die matrieks van 2011 nie. Grey Kollege is sonder twyfel 'n skool met hoë standaarde.

Dissipline is aan die orde van die dag, maar tog handhaaf die skool 'n gesonde balans. En om te bieg - gee vir 'n groep tieners die toue en sê: "Dis nou jou skool, good luck" - is seker nie die maklikste of betroubaarste besluit wat 'n persoon kan maak nie.

Tog moet die erekode van die skool nogsteeds in gedagte gehou word - 'Grey gentlemen do not need rules' - hulle leef Grey Kollege se waardesisteem.


Leerders vind dit moeilik om 'n gesonde balans tussen sport en akademie te vind. Foto: Le Riche Coetzer

Respek - Eerbied, ontsag, agting.
Spanwerk - Gesamentlike kraginspanning van 'n aantal mense om die werk van die groep voorspoedig en doeltreffend te maak.
Maniere - Wyse waarop 'n mens jou gedra en ander respekteer.
Moed - Dapperheid, onverskrokkenheid in gevaar of in moeilikheid.
Integriteit - Volledige eerlikheid, onomkoopbaarheid.
Verdraagsaamheid - Inskiklikheid, toegeeflikheid, geduldig; wat 'n ander se gevoelens eerbiedig.
Selfdissipline - die vermoë om jouself te beheer en jouself te laat werk of optree in 'n spesifieke manier.

Hoe word 'n matriekjaar dan gemeet? Aan hulle vermoë om volgens hierdie waardesisteem 'n die balans te handhaaf.

Tog is daar dikwels 'n duidelike onderskeid in opinies oor watter 'n goeie jaar was, of nie. Die harde waarheid is, dit is nie maklik om in matriek te wees nie…

Aan die einde van die dag, hang dit sekerlik van elke leerder af om 'n sukses van sy jaar te maak, want almal moet die kans gegun word om hul eie keuses te maak - dan vat 'n mens al die lekker uit hierdie relatiewe ernstige 'game' van matriek uit, en daar is ongelukkig nie tweede kanse nie.

**- Henri Brummer**

## Meyer loop weer spore deur taal

Die eerste wat jou van *Spoor* opval, is die struktuur: dit bestaan uit drie verskillende verhale wat die stories van Milla Strachan, Lemmer en Mat Joubert vertel. Milla is 'n nuwe karakter, maar as jy 'n murg-en-been-aanhanger is, sal jy al met Lemmer (en sy giere) en Mat Joubert, die polisieman, kennis gemaak het.

Meyer verwag van die leser om 'n tipe spoorsnyer te word en op die spoor te bly tussen deur die drie verhale wat vaagweg met mekaar gekoppel word.

Die ruggraat van die storie: 'n Moslem terreur-aanval in die Kaap. Milla werk vir die Presidensiële Intelligensie-agentskap wat die verdagte "Muslim Supreme Comittee" bespeur. Sy raak verlief op Lukas Becker, 'n karakter wat onskuldig is in die Moslem-aanval betrek word.

Deon Meyer vat lesers op 'n opwindende reis deur Suid-Afrika en op die einde knoop hy die drie verhale aanmekaar op 'n eiesoortige manier as wat die leser verwag.

Dié boek kort 'n plek op elke boekrak - nádat dit gelees is.

**- Willie Louw**




## Guitarist's exciting journey - chilling to the top




Frank du Toit, soon to be known only as Frank Freeman, is taking the SA music scene by storm, a blue, chilled, guitar-vibes driven storm, that is…

The roots for this artist was formed in his grade 2 year when his mom bought him a guitar of R200. He then started playing in the schools' Boere-orkes and the rest is history.

His favourite quote is from Jimi Hendrix: "When the power of love overcomes the love of power, then the world will know peace."

Frank Freeman is a songwriter/guitarist/singer that writes and performs music that firstly feels good, secondly people can relate to and thirdly that comes from the soul. He has been influenced by a huge variety of musical genres and artists.

He's already made a name for himself as the lead guitarist of local band Colourblind, winners of Rockspaaider 2008. He has now started working on his solo project, Frank Freeman. I was privileged enough to be able to attend his first live gig earlier this year, where he completely rocked the crowd.

Influenced by artists like the Dave Matthews Band, John Mayer, Jimi Hendrix and Stevie Ray Vaugn it turned into a guitar-driven performance unlike anything Bloemfontein has ever experienced.



With good lyrics, and the odd deep one combined with his guitar (with which he is believed to be able to raise the dead) he makes one mean live act.

While he's still busy working on his first album, you can already get his first single "You're My" free by posting your e-mail address on his facebook page. Or look for him on ReverbNation.com, and if you're older than 35, he also has a MySpace account.

Make sure to keep looking out for him though, because he plans to have his first music video hitting your screens by June this year, and being the rockstar he is, he'll be using the June and December holidays to tour the coast.

Definitely something to add to your matric holiday to-do list. This 18 year old still has a couple of years to rock! Maybe a future artist for the Music Festival?

***Vrede oja***
***Bob Sands***



# Totsiens aan krieketveld

"Dit was vir my ongelooflik lekker en 'n groot eer om vir Grey krieket te speel" sê Ignus van Zyl, 'n matrieklid van hierdie jaar se onoorwonne 4de span. Dit vertel alles.

Die krieketspanne van Grey het die afgelope kwartaal 'n goeie seisoen beleef. Die senior spanne het veral bewys dat Grey nie nét uit rugby bestaan nie. Die 3e en 4de span het beide onoorwonne seisoen gehad. Meneer Volsteedt, die skoolhoof van Grey, beskryf die seisoen as volg: "Dit was regtig 'n goeie seisoen waartydens ons spanne goed teen sterk opposisie gevaar het."

Die 1ste span het nie sleg gevaar nie, maar het ongelukkig naelskraap teen Hoërskool Noord Kaap uitgeval in die Standard Bank se nasionale 20/20 toernooi vir skole. "Die eerstespan se seisoen was 'n uitstekende leerskool, veral vir die jong outjies," sê meneer Volsteedt.

"Ons het 'n goeie seisoen gehad, maar het verseker die potensiaal gehad om beter te doen," meen Christiaan Steyn, 'n graad 10-lid van hierdie span. Die feit dat daar vier graad 10-leerlinge in die 1ste span was, wys dat daar vir Grey se krieket 'n blink toekoms wag.

"Daar is regtig potensiaal vir Grey se krieket," sê meneer Volsteedt. Die jonger ouens is ook vol energie soos Christiaan sê: "Ek het my krieket nog nooit so baie geniet nie en sien uit na die volgende krieketseisoen."

Hierdie jaar se matrieks gaan verseker op die krieketveld gemis word, maar ons kan vol vertroue sê dat die volgende ouens gereed is om hul skoene vol te staan!

Net tyd sal leer - die krieketspelers word met hoë verwagtinge dopgehou.

**- Pieterjan Eloff**

# Atletiekseisoen op einde

## Atlete lewer puik uitslae by by Affies Atletiekbyeenkoms



Dougie Wilson en Willem-Carel de Jongh nael af in die pylvak. **Foto: Riaan Carr**

In die afgelope paar jaar is Grey dikwels gekritiseer as 'n skool wat net op rugby fokus, maar die afgelope atletiekseisoen het Grey bewys dat hy steeds teen die top atletiekskole kan meeding.

Een van die atletiekseisoen se hoogtepunte, is die jaarlikse vriendskaplike interskole teen Affies, waar atlete op n baie kompeterende wyse deelneem. Vanjaar het die Greyseuns behoorlik vlamgevat en die span met passie ondersteun en aangemoedig.

Wayde van Niekerk, Grey se blitsvinnige baanatleet en atletiekkaptein meen dat hy in al die jare nog nie so 'n gees onder die seuns by 'n atletiekbyeenkoms ervaar het nie. Die aflosse is gekenmerk deur sterk aanmoediging en ondersteuning.Wie kan die o/19-aflos vergeet toe Wayde sy Affies-opponent van agter af ingehaal en verbygesteek het in 'n senutergende wedloop.

Nog n goeie teken vir Grey se atletiek is dat die jonger ouderdomsgroepe spog met atlete soos J.C Jansen van Vuuren, Ruan Alberts en Masego Seseele, wat rekords verbeter het tydens byeenkomste.

Hierdie atlete het ook hulle staal getoon by die top 10 Sentraalbyeenkoms waar Grey 4de geëindig het tussen Suid-Afrika se top atletiekskole. Grey spog voorts ook met 53 atlete wat op Sasolburg gaan deelneem het aan die Vrystaat Atletiekbyeenkoms vir hoërskole.

Maar Grey-atletiek se grootste vyand is Grey self. Talle atlete onttrek a.g.v die rugbyproewe wat vroeg begin en dit verswak uiteraard die atletiekspan.Is daar nie 'm moontlikheid dat die rugbyproewe eers later kan begin nie?

Tog staan Grey-atletiek trots tussen die atletiekskole van ons land uit, want "When the occasion demands it, a Grey boy always comes up to scratch!"

**- Peter van Biljon**

## RESULTS

**Grey vs Upington & Duineveld**

| | | |
|---|---|---|
| **RUGBY** | | |
| /19A vs Duineveld | Grey wen | 83-3 |
| /19B vs Upington | Grey verloor | 7-15 |
| /19C vs Duineveld | Grey wen | 53-0 |
| /16A vs Duineveld | Grey wen | 29-0 |
| /16B vs Upington | Grey wen | 41-0 |
| /15A vs Duineveld | Grey wen | 100-0 |
| /15B vs Upington | Grey wen | 42-0 |
| /14A vs Duineveld | Grey wen | 77-0 |
| **HOKKIE** | | |
| /19C vs Upington | Grey verloor | 0-1 |
| **SKAAK** | | |
| | Eerstespan wen | |
| **GHOLF** | | |
| | Eerstespan wen | |
| **TENNIS** | | |
| | Grey Snr wen | 9-0 |
| **MUURBAL** | | |
| | Grey wen | 12-0 |







# Gholfspelers se seisoen word uitmuntend afgeslaan

Tot dusver het die 1ste gholfspan 'n baie suksesvolle golfjaar beleef.

Hulle het hulle 1ste toernooi in Hoopstad gewen deur 8 skole uit te stof. Die toernooi was gehou oor 3 dae en Grey het hulself puik van hulle taak gekwyt.

Die 1ste span het ook by Upington puik presteer deur al hulle wedstryde te wen.

Die hoogtepunt van die jaar tot dusver was die Affies toernooi in Pretoria wat die 1ste span vir die eerste keer gewen het. Die span het bestaan uit Blaine Dormehl, Theo Potgieter, Theodore Oosthuizen, HJ Nel, Duard Mcleod en Drickus Gous.

Op die finale dag het Grey uitgespeel teen Paul Roos vir die 1ste posisie. Die formaat was "match play". Die telling was 3-3 en het oorgegaan in 'n "sudden death" uitspeel waarin Theodore Oosthuizen op die eerste gat met 'n voëltjie die wedstryd vir Grey beklink het deur 'n 5 meter setbou te sink .

Grey se gholfspelers presteer ook puik in die Vrystaat-Noord Kaap toernooie. Elf spelers is gekies vir die Vrystaat-Noord Kaap span.

**- Le Riche Coetzer**



Blaine Dormehl, eerstespan gholfspeler. **Foto: Le Riche Coetzer**

# Oorgang van junior- na seniorvlak kortwiek nie oud-Grey-spelers nie

## Top-sportmanne presteer nogsteeds in meer volwasse ouderdomsgroepe

Kundiges spekuleer al jare daaroor: Is die moeilikste deel van 'n sportman se loopbaan na skool? Is dit om van junior-vlak oor te skakel na volwasse vlak? Gelukkig lyk dit of Grey se sportmanne nie met daardie probleem worstel nie.

Paul Jordaan, drie maande gelede nog 'n leerling op die skoolbanke, is maar net een van vele. Hy het die Suid -Afrikaanse Sewesspan onlangs gehelp om die Las Vegas-titel op te raap nadat hy grotendeels bygedra het tot die oorwinning. Hy het glad nie teruggestaan vir sy teenstanders wat tien en selfs vyftien jaar ouer is as hy nie, inteendeel…

Die keurders beskou Grey as 'n voedingsbron vir SA rugby. Dries Swanepoel en Jan Serfontein is gekies vir die Suid-Afrikaanse onder 20-groep. Hulle kon egter nie die oefenkamp meemaak nie a.g.v. skoolverpligtinge.

Hendri Kroukamp en Dylan Swanepoel wat albei vir die eerste hokkiespan uitdraf en nog matriek is, is ook geen uitsondering nie. Hierdie twee spelers is gekies om deel te wees van die Suid-Afrikaanse onder 21-groep wat in 2013 aan die Wêreldbeker gaan deelneem.

Grey se hengelaars staan natuurlik vir niemand terug nie. WS Nel en John-Henry Sinclair is die beste hengelaars in hulle ouderdomsgroep. Daarom het hulle ingeskryf vir die Senior Nasionale Toernooi waar WS 'n tweede plek behaal het. Hy is dus in die Senior Savof Karpspan ingesluit, terwyl John-Henry die mees onlangse Pro-Am-kompetisie gewen het.

Hierdie sportmanne is maar enkeles wat op volwasse vlak presteer, terwyl hulle nog op skool is. Dit bewys net weereens dat ouderdom relatief is en nooit teen harde werk kan meeding nie. Ons jong sportlui staan inderdaad vir niemand in die sportwêreld terug nie.

**- Hendrik Wilken**



Dries Swanepoel, eerstespanspeler en oud-Grey, William Small-Smith. Foto: Le Riche Coetzer

## RESULTS

### Cricket

**Grey vs Hilton College**

**First Team**
Grey wins by 7 wickets
223 for 3
Hilton 222 all out

**Second Team**
Draw

**Third Team**
Grey wins by 5 wickets
164 for 5
Hilton 163 all out

**Fourth Team**
Draw

**u/15A**
Grey wins by 5 wickets
90 for 5
Hilton 89 all out

**u/14A**
Draw

# Skaaktoernooi vestig homself as 'n grote

Die Grey Kollege Standard Bank Skaaktoernooi gaan elke jaar van krag tot krag. Dit is 'n groot hoogepunt op die skoleskaak-kalender.

Hierdie jaar was geen uitsondering nie en 36 skole van regoor die land is uitgenooi om aan hierdie prestige toernooi deel te neem.

In totaal was daar 78 spanne wat elk uit vier spelers bestaan het; inderdaad een van die mees gesogte geleenthede vir skaakspelers in die land.

Grey se spanne het 'n goeie toernooi beleef. In die A-afdeling het die eerstespan 'n sewende plek behaal, terwyl Grey in die B-afdeling 'n bronsmedalje verower het.

Dit is 'n puik prestasie, aangesien soveel van die land se topspelers deelgeneem het. Volgens mevrou Pretorius, wat al vanaf 2000 in beheer van Grey-skaak is, is die hoogtepunt juis die feit dat so baie skole hier was en die land se beste skolespelers deelgeneem het.

In die A-afdeling het Affies die meeste punte ingesamel, met Waterkloof in die tweede plek en Glenwood kort op hulle hakke. Northern Academy het die B-afdeling gewen met De Aar en Grey Kollege onderskeidelik in die tweede en derde plekke.

Volgens Nicky Marais en J.P. Strydom, wat beide al vir drie jaar in Grey se eerstespan speel, is die geheim tot Grey se sukses die feit dat die spelers mekaar gehelp het. Na die rondtes is mekaar se spelle geanaliseer en die foute is uitgewys. Sodoende is seker gemaak dat dieselfde foute nie in latere wedstryde herhaal word nie.

Volgens J.P. is dit 'n baie lekker sosiale toernooi.

Johan Klinck, lid van die eerstespan, meen dat die 'touch rugby'is wat tussen rondtes teen ander skole gespeel word 'n hoogtepunt bly.

Hierdie prestige toernooi bied al die belangrike komponente vir 'n goeie kompetisie: die beste skole in die land ding mee, maar die fisiese oefening, sportmanskap, kameraadskap en gees tussen die spanne, bly nie agterweë nie.

**- Helgard Claassen**



Nicky Marais en JP Strydom tydens die Grey-Itec-toernooi. Foto: Le Riche Coetzer

# Jong muurbalspan klop opposisie

Grey se eerste muurbalspan is dalk nog nat agter die ore, maar dit is hul teenstanders vir wie hulle ore aansit!

Dié jong span het sy staal getoon in die FNB Invitational Festival, wat vanaf 11 tot 14 Februarie by St. Andrews plaas-gevind het. Hulle het die volgende spanne geklop: St. Albans College, St. Stithians College, King Edward VII, Rondebosch Boys High School en Michaelhouse.

Lawrence Kühn, wat tans die nommer een-posisie op Grey se ranglys beklee, het ook deelgeneem aan die Cape Blue Tournament.

Kühn het met uitstekende spel eerste in die o/16-afdeling geëindig. "Dit is die beste prestasie van 'n Grey-muurbalspeler nog naas dié van Paul Rodrigues," sê mevrou Doré Louwrens, hoof van muurbal by Grey. Rodrigues was in sy matriekjaar die topgekeurde in Suid-Afrika.

Een van die span se vooruitsigte vir die jaar is beslis om in die Top Schools-toernooi mee te ding. "Ons sien baie uit na Top Schools, en met ons huidige span behoort ons goed te vaar," sê Van Tonder, die spankaptein.

Grey se eerste muurbalspan hoop om 'n paar houe uit te deel, wanneer hulle later vanjaar teen Selborne te staan kom - aangesien Selborne laas jaar die Top Schools-toernooi gewen het.

**- Phil Boshoff**

MEDI-CLINIC GROUP
BLOEMFONTEIN MEDI-CLINIC
Private hospital
Committed to Quality Care
Cnr Parfitt & Kellner Street, Westdene, Bloemfontein
Tel +27 (0)51 404 6666, Fax +27 (0)51 444 1509
www.bloemfonteinmc.co.za
Bloemfontein Medi-Clinic 24 Hour Emergency Centre 0800 051 051
ER24 084 124

# Swimmers dive right in

## Stars confirm their superior position amongst some of the top swimmers in South Africa and the world.



Reynhard Wessels heading for gold. Photo: Supplied

Being the second best boys' swimming school in the country for three years in a row, proves that the phrase "Grey gentlemen" is more than just words.

With the school year that hardly started, the annual, Grey gala was upon us. Christoff Botha, the swimming captain said, "What an awesome, well attended school event, one of the highlights of the year!" "The Grey swimmers, swam excellent times and broke several records", Misses Helene du Toit reported.

The first swimming bash was held by Affies (Pretoria) and then the Top-10 boys' school swimming gala followed at Westville (Durban). In Pretoria the boys really leaped ahead and outclassed the other swimmers. Grey was first with 250 points.

The highlight of the swimmers calendar was the Westville gala. "The spirit of the Grey boys was indescribable," staff at Little Switzerland Hotel reported. They did the school proud with a second place.

The Midmar Mile followed, and even with exhausted swimmers they still managed to achieve four places under the top fifty, namely Ruan du Plessis, Christoff Botha, Andries Kriek and Armand Pretorius.

The Interhigh Gala followed and Reynard Wessels made a definite mark in the pool. Not only was he the Victor Ludorum, he also received the Frikkie van Rensburg trophy for the Best Swimming Achievement in the 100m butterfly, with a spectacular time of 57.78 seconds.

During SA's, Reynhard qualified for the FINA Junior World Championships from 16-21 August in Peru.

**- Armandt Pretorius**

# Tennis team prepares for a rosy future

Tennis at Grey College is and always will be one of the most popular sports amongst learners. It presents both physical and mental challenges, but it is also a very sociable sport.

This year on the tennis courts, there were fifty-five boys who participated in the trials, hoping to make it to one of the seven teams, consisting of six players per team. Janco Strauss was chosen to be the captain of the cream of the crop, and is supported by his vice-captain, Roland Berry.

Mister Naresh Mahabeer is the head of tennis at Grey College Secondary School and this will be his 7th year as manager of the teams. Last year was a successful year for all the teams, but according to Mister Mahabeer, there are always aspects that need improving, for example creating good doubles combinations.

His vision for 2011 is that the 1st team will attain the nr. 1 ranking spot in tennis in S.A. This might well be attainable, considering that Gustav Fichardt is the 1st team's coach who has a reputation as a seasoned player, and is one of the best coaches in the Free State.

The tennis teams competed at very prestigious events during the term, such as the Gerrie Berner tournament in Stellenbosch from 23-27 February.

Grey competed against the following schools and results were as follows: Against Stellenbosch High School, Grey won 5-4. They lost 2-7 to Paarl Boys High but won against St Benedicts with 7 games to 2. They also played against Waterkloof High School and won 7-2. They defeated St Stithians by 7 games to 2.

During the semi-finals they lost against Paul Roos (1-5). Grey finished in 4th position with Clifton in 3rd position.

The Kearsney tennis festival in Hillcrest takes place from 26-29 May and the Grey-ABSA tournament in Bloemfontein (19-11 October), not to mention all the interschools, especially the inter against the 1st team's biggest rival - Paul Roos.

For the remainder of the season the boys will work hard to be prepared for these upcoming events to ensure the best possible results.

The continued support of the Grey spectators will be greatly appreciated and would motivate the teams to achieve their goals for 2011.

**- Jason Long**

adidas
Official sponsor of Grey Rugby

Official sponsor of Grey Sport
Clover
It's all you need

Caring for the children in our community
KFC
Proud Supporter of your School
Bloem | 051 447 5500
it's finger lickin' good.™

vivid 082 576 3143